

Welkom by NG The Reeds

Veilige hawe vir nuwe hoop

Nuwe-hoop-mense:
*Identiteit en roeping leer my om
intensioneel anders te kyk en te
lewe*





VONKK 314:1

**Vier die lewe elke oomblik,
elke dag wat God jou gee.
Sien die skoonheid van die berge
en die wonder van die see.
Leef in God se wonderwêreld –
vier die lewe, God se kind!**

**Vier die lewe, alle mense,
almal wat aan God behoort.
Selfs in teëspoed skuil genade;
God se goedheid gaan nog voort.
Leef uit God se groot versorging.
Vier die lewe, God se kind!**

**Vier die liefde, loof die Heer
in wie se hart daar deernis is.
Maak jou hart se grootste vreugde
hierdie groot geheimenis.
Ons is sy geliefde kinders.
Vier die liefde, God se kind!**

**Bron van liefde en van lewe,
God aan wie my hart behoort,
neem my lewe, neem my gawes
tot die einde, tot my dood.
Ek wil leef met een begeerte:
Loof sy Naam en maak Hom groot!**

Genesis

33:2-4 & 35:2-3

en ander tekste



Lied 258: 1

**Vreugdevolle tyding,
bron van hartverblyding -
evangeliewoord!**

Woord van lig en lewe

L 258:1 (vervolg)

rig ons aardse strewe

as bevrydingswoord -

deur sy Gees laat God dit wees:

woorde van sy openbaring,

van sy heilsverklaring.

Genesis

33:2-4 & 35:2-3

en ander tekste



Genesis 33:1-4;

1. Toe Jakob deur die spruit was, het hy vir Esau in die verte sien aankom met vier honderd man by hom....

3. Hy self het verbygegaan tot heel voor en toe hy nader na sy broer toe kom, het hy sewe keer diep gebuig. 4. Esau het hom tegemoet gehardloop en hom omhels Esau het sy arms om Jakob se nek gesit en hom gesoen, en hulle het gehuil.....

2. Toe sê Jakob vir sy hele huis en vir almal by hom: *“Haal uit al die afgodsbeelde wat by julle is. Reinig julle en trek ander klere aan. 3. Ons moet klaarmaak en Bet-El toe gaan. Daar moet ek 'n altaar gaan bou vir die God wat my gebed verhoor het toe ek in die moeilikheid was en wat by my was waar ek ook al gegaan het.”*

Wat maak dat
Christene/ons
on-Christelik
optree?

Sekerlik
verskeie redes



Hoe kan ons
dinge anders
hanteer?



Jakob-verhaal wil vraag beantwoord: Hoekom volg Jakob sy eie kop as God hom dan geroep het?

- Sy lewe was 'n voorbereiding
- Na Jakob probeer Jakob verstaan wat sy nuwe Naam/ID beteken



Jakob se wêreld het baie om selfbehoud gedraai

- Esau gevrees
- Planne gemaak
- Geskenke vooruit gestuur
- Sy familie in groepe gedeel
- Homself probeer beveilig



Na Jabok

Jakob beweeg verby
sy vrees en selfbehoud
en gaan Esau met moed
en vertroue tegemoed,
maar mank - afhanklik





Moeilikste deel van ons lewe
as Christen - wat beteken ons
nuwe ID in Christus?

- Lewenslank ons reis
- Om meer en meer die
“gesindheid van Jesus” te hê

Wat in Jakob het verander?

- Ou ID domineer
hom nie meer
Dit is dikwels ons
grootste probleem
- Bron van ID skuif



Wat in Jakob het verander?

- Ou ID domineer
hom nie meer
- Hy kyk anders



Ou ID bedreig - interpreteer ek
omstandighede, ander mense se
woorde vanuit **vrees, trots of
selfverdediging**

God verander my perspektief

Ou ID reageer

- Luister om myself te verdedig

Nuwe ID lei nou

- Luister om te verstaan

Jakobus 1: 19-20

19. My liewe broers, dít moet julle in gedagte hou: elke mens moet maar te gewillig wees om te luister, nie te gou praat nie en nie te gou kwaad word nie. 20. 'n Mens wat kwaad word, doen nie wat voor God reg is nie.



Reageer nie uit
oomblik se emosie

Luister voordat jy
praat en kies woorde
mooi sonder
om af te breek

God verander my perspektief

Ou ID reageer

- Luister om myself te verdedig
- Sien kritiek as 'n bedreiging
- Ek wil die argument wen
- Ek sien die ander persoon as 'n teenstander
- Ek reageer uit my emosie (impulsief)

Nuwe ID lei nou

- Luister om te verstaan
- Ek oorweeg of daar waarheid in kritiek is
- Ek soek na die waarheid & fokus daarop
- Ek sien 'n mens met wie ek verantwoordelik moet omgaan
- Ek kies my raksie doelbewus

Wat in Jakob het verander?

- Ou ID domineer
hom nie meer
- Hy kyk anders
- Hy kry nuwe doel



God gee vir my 'n nuwe doel

VOORHEEN – VRAE:

- Hoe beskem ek myself?
- Hoe kry ek sin?
- Hoe verseker ek ek verloor nie?

NOU BEGIN EK VRA:

- Wie roep God my om in hierdie situasie te wees?
- Wat sal God se karakter weerspieël?
- Wat kan ek doen om vrede, waarheid en herstel te bevorder?

Wat in Jakob het verander?

- Ou ID domineer
hom nie meer
- Hy kyk anders
- Hy kry nuwe doel
- Hy doen anders



Paulus oor nuwe ID in Christus



Ou mens uittrek
Nuwe mens aantrek



Efesiërs 4:25-32

25. Noudat julle die valsheid afgelê het, moet julle onder mekaar die waarheid praat, want ons is lede van dieselfde liggaam.

26. As julle kwaad word, moenie sondig nie, en moenie 'n dag kwaad afsluit nie. 27. Moenie die duiwel vatkans gee nie.

28. As iemand 'n dief is, moet hy ophou steel; hy moet deur harde werk op 'n eerbare manier self in sy lewensonderhoud voorsien; dan sal hy iets hê om vir die armes te gee.

29. Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

30. En moenie die Heilige Gees van God bedroef nie, want Hy het julle as die eiendom van God beseël met die oog op die verlossingsdag.

31. Moet nooit verbitter of opvlieënd wees of woedend word nie; moenie vloek of skel nie; moet niks doen wat sleg is nie. 32 Wees goedgesind en hartlik teenoor mekaar, en vergewe mekaar soos God julle ook in Christus vergewe het.

Paulus oor nuwe ID in Christus

Stop dit wat afbreek
Doen dit wat opbou



Paulus oor nuwe ID in Christus

Praat waarheid

Hanteer woede
verantwoordelik

Praat sodat dit opbou

Nie woorde wat afbreek

Wees goedhartig & barm.
vergewe mekaar



Filippense 2:1-5

1. Aangesien julle die troos in Christus ondervind het, die aansporing deur die liefde, die gemeenskap deur die Gees, die innige meegevoel en meelewing – 2. maak dan nou my blydschap volkome deur **eensgesind** te wees: **een in liefde, een van hart, een in strewe**. 3. Moet **niks uit selfsug of eersug** doen nie, maar **in nederigheid moet die een die ander hoër ag as homself**. 4. Julle moenie net elkeen aan sy eie belange dink nie, maar ook aan dié van ander. 5. **Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was...**

Paulus oor nuwe ID in Christus

Eensgesindheid – liefde,
hart, strewe;
Waarsku teen selfsug
Oproep tot nederigheid
Jesus-gesindheid




Ons is God se nuwe-hoop-mense

- Deur ons wil Hy seën
- Deur ons wil Hy red en herstel
- Deur ons wil Hy sy koninkryk laat kom



‘n Veilige hawe

vir nuwe hoop



Die ou ID verdwyn
nie, maar verloor sy
heerskappy?

Verandering omdat
daar nou 'n sterker
Werklikheid is wat
my lewe rig





Moeilikste deel van ons lewe as Christen - wat beteken ons **nuwe ID in Christus?**

- Ou ID domineer my nie meer
- Ek kyk anders
- Ek het 'n nuwe doel
- Ek leef anders

Wat maak dat
Christene/ons
on-Christelik
optree?

Sekerlik
verskeie redes





Lewende geloof

Maak ons stadig om te praat

Maak ons vinnig om te luister

Maak ons traag om kwaad te word

Plant U woord hier in ons hart

Maak ons stadig om te praat

Maak ons vinnig om te luister

Maak ons traag om kwaad te word

Plant U woord hier in ons hart

Mag ons doen wat U ons vra
Mag ons gesonde vrugte dra
Mag ons in die waarheid groei
En U lewe deur ons vloei

Mag ons woorde oor U juig,
Mag ons monde bly getuig,
Mag ons oë U goedheid sien,
en ons hande ander dien

Gee ons lewende geloof
deur U Gees se krag in ons
Gee ons wysheid in die dag
Gee ons vrede hierdie nag
Gee ons wysheid in die dag
Gee ons vrede hierdie nag

Maak ons stadig om te praat

Maak ons vinnig om te luister

Maak ons traag om kwaad te word

Plant U woord hier in ons hart



VONKK 370:1

**Mag sy groot genade
oor jou waak vanaand.**

**Mag sy goeie gawes
altyd voor jou staan.**

**Laat sy lig jou paaie
skoon en helder maak,
sodat selfs die duister
soos die dag sal raak.**

**Mag die Heer se vrede
jou die lewe gee;
Moed vir elke opdraand;
krag vir elke dag.**